

**31 Julie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 19:11-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 19:16**

**Daar is niemand soos Jesus nie!**

In hierdie gesig wat Johannes sien, is Jesus sentraal, net soos by Openbaring 14:14-20. Hier is Jesus egter nie die Een wat die oes insamel tot redding nie, maar die Koning en Regter wat oordeel. Sy oë wat soos vuur vlam en die skerp swaard uit sy mond is beeld hiervan. Sy klere wat met bloed bevlek was, is nie beeld van Jesus as Lam wat geslag word nie, maar bloed vanweë oorloë.

Jesus is ook nie alleen in hierdie oorloë nie. Die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde. Wit is beeld van oorwinning en heiligheid.

Die oorlog self word nie uitgebeeld nie, maar wel die afloop daarvan. Die roofvoëls het die vleis geëet van hulle wat deur Jesus oorwin is; dit is die vals profeet en die dier – medewerkers van die antichris.

Die beskrywing van hierdie oorlog dien daartoe dat ons die verheerlikte Jesus sal ken as Koning en Here. Nie maar 'n koning en 'n here nie, maar die Allerkoning en Allere. Daar is niemand groter en sterker as Hy nie! Hyself is die Almagtige! Geen bese mag kan teen Hom standhou nie.

Hy is ook ons Koning en Here. Daarom veg ons nie 'n verlore stryd nie. Ons staan aan die wenkant. Wat 'n troos!

*Sing: Skrifberyming 18-3:2, 7, 8*

*Dr SF Kruger (Middelburg-Noord)*